# Hillcrest High School

Graad 8

# AFRIKAANS EAT V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE:** 80

**TYD:** 1½ uur

**EKSAMINATOR:** Mev. S Strydom

**MODERATOR:** Mev. R Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIP** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **TAAL** | **(50)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE AFDELING op ‘n NUWE bladsy.**

5. **NOMMER JOU ANTWOORDE SOOS DIT OP DIE VRAESTEL GENOMMER IS.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met ‘n swart of blou pen.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

**AFDELING A: BEGRIP**

VRAAG 1: ARTIKEL
Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**ENIGIEMAND LUS VIR KOOLROOMYS?**



1 Roomys is wêreldwyd ‘n lekkerny (treat) wat jaarliks die derde Sondag in Julie gevier word. Hierdie gevriesde nagereg spog met eeuoue tradisies, maar het ook al veel verder ontwikkel as die klassieke vanielje-, aarbei- en sjokoladegeure tot onverwagte geur (*flavour*) kombinasies.

2 Enigiemand lus vir koolroomys? Indien wel, is Hongarye net die plek.

3 Nuuskierige klante in die land daag in groot getalle op by ‘n klein roomyswinkel in Tatabanya om die somer se gekste (craziest) smaaksensasie te proe.

4 Robert Reinhardt en sy vreemde (*strange*) roomysgeure het oornag ‘n gunsteling geword.

5 “Ons het begin met die bier- en aartappelpannekoekgeure. Dit alleen het sommige mense in verwondering gelaat,” het die 44-jarige Reinhardt wat die Robert Confectionary-roomyswinkel in die stad Tatabanya noord van Boedapest bestuur, aan AFP gesê.

6 Nadat hy aanlyn verskeie versoeke (*requests*) vir nog vreemde roomysgeure ontvang het, het Reinhardt begin eksperimenteer deur tradisionele Hongaarse geregte soos paprikahoender, koolbredie en stewige vleispannekoeke met ‘n verskeidenheid roomysbasisse te meng.

7 Hy het homself egter nie tot die Hongaarse kookkuns beperk (*limit*) nie en brei sy spyskaart uit om wêreldwye gunstelinge soos spaghetti bolognese en roereier met spek in te sluit.

8 “Ek het besef dat jy baie goeie geure daaruit kan kry. Dit is nie ‘n grap nie.”

9 Sedert hy die vreemde geure op die spyskaart bekend gemaak het, maak die winkel “drie of vier keer” meer wins (*profit*).

10 “Ons is ‘n bietjie oorweldig (*overwhelmed*) want ons het nie verwag dat dit so ’n treffer sou word nie,” het sy vrou, Ena, aan AFP gesê. “Ons is voortdurend op soek na meer personeel.”

11 Suid-Afrika staan ook nie agter in die ry van unieke roomys nie. In Kaapstad is The Creamery bekend vir sy gebruik van plaaslike (*local*), seisoenale bestanddele (*ingredients*). Hulle bied geure wat deur tradisionele Mzansi-gunstelinge geïnspireer is, soos koeksister, malvapoeding, melktert, sjokaladement en watertand seisoenale vrugtegeure.

12 Sommige kunsmatige roomysmakers eksperimenteer selfs met fynbosgeure, wat die essensie van die Kaap se unieke flora vasvang.

13 So, gryp jou lepel, en laat jou smaakknoppies die pad na jou volgende avontuur lei!

[Verwerk uit maroelamedia.co.za]

1.1 Haal EEN WOORD uit paragraaf 1 aan wat vir ons sê dat almal op aarde roomys eet. (1)

1.2 Wanneer word Roomys-dag gevier? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf NET die vraagnommer en LETTER neer.

“koolroomys” is ‘n vreemde geur, want “kool” is …

A vis.
B groente.
C vleis.
D vrugte. (1)

1.4 In watter land verkoop hulle koolroomys? (1)

1.5 BAIE mense wil die vreemde roomysgeure koop en eet.

Haal VYF OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 3 aan wat wys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

1.6 Watter WOORD in paragraaf 4 sê vir ons dat Robert se roomys baie vinnig bekend geword het? (1)

1.7 Hoe oud is Robert? (1)

1.8 Wat is die naam van Robert se winkel? (1)

1.9 In watter stad is sy winkel? (1)

1.10 Pas die beskrywing in KOLOM B by die roomysgeur in KOLOM A. Skryf NET die vraagnommer en LETTER langsaan neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 bier- en aartappelpannekoek | A Gewildste roomysgeur |
| 1.10.2 paprika hoender | B Winkel se eerste vreemde geur |
| 1.10.3 spaghetti bolognese | C Tradisionele Hongaarse gereg |
| | D Wêreldwye gunsteling |

(3x1) (3)

1.11 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf NET die vraagnommer en die antwoord neer.

Volgens paragraaf 6 het mense hom deur (die pos / die internet) gekontak. (1)

1.12 Robert neem sy werk nie ernstig op nie.

Haal ‘n SIN aan wat wys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.13 Watter positiewe uitkoms (*positive outcome*) is daar as gevolg van die winkel se vreemde geure? (1)

1.14 Noem TWEE tradisionele geure wat *The Creamery* in Kaapstad maak. (2)


1.15 Sal jy eerder by Robert se winkel, of *The Creamery* roomys wil koop? Hoekom sê jy so? (2)

1.16 Watter vreemde roomysgeur sou jy maak, as jy 'n vreemde geur roomys kon maak? (1)

**(20)**

VRAAG 2: GRAFIEK

Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




[Teks self verwerk]

2.1 Watter land eet die meeste roomys? (1)

2.2 Hoeveel liter roomys eet die mense in Finland? (1)

2.3 Kies die woord tussen hakies om die sin KORREK te voltooi. Skryf NET die vraagnommer en WOORD neer.

(Meer / Minder) mense verkies roomys in ‘n bakkie as op ‘n horinkie. (1)

2.4 Vul die korrekte WOORD in die spasies in. Skryf NET die vraagnommer en antwoord(e) neer.

Volgens die prentjies, gebruik ‘n mens 2.4.1 … liter melk vir 2.4.2 … bak roomys. (2)

2.5 Watter land hou twee van die wêreldrekords? (1)

2.6 Hoeveel het die grootste roomysskeppie geweeg? (1)

2.7 Wat is die funksie van die prentjies op die grafiek? (1)

2.8 Watter een van die 5 Gewildste Geure is jou gunsteling? (1)

2.9 Hou jy daarvan om roomys te eet? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)
**(10)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: TAAL**

VRAAG 3: SINSTRUKTURE
Skryf elke keer die HELE SIN uit.



3.1 Skryf die volgende sinne in die korrekte WOORDORDE.

3.1.1 (sit) (My ma) (‘n nuwe familiefoto) (elke jaar) (op die rak). (1)

3.1.2 (agter die berge) (Die son) (sak). (1)

3.1.3 (agter die boeke) (die stof) (Iemand) (vinnig) (afstof) (moet). (1)

3.2 Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.

3.2.1 My ma neem ‘n foto van ons gesin. (1)

3.2.2 Ek wil graag die middelste boek lees. (1)

3.2.3 Daar is stof op die rak. (1)

3.3 Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

3.3.1 Almal in die foto lyk gelukkig. (1)

3.3.2 Ek het ‘n groot familie. (1)

3.3.3 Daar is nog baie foto’s. (1)

3.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE tussen hakies.

3.4.1 Ek is gelukkig. My familie is bymekaar. (want) (1)

3.4.2 Ons neem saam ‘n foto. My ma sit dit in ‘n raam. (dan) (1)

3.4.3 Almal is gelukkig. Ons is saam. (omdat) (1)

3.5 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING.

3.5.1 Daar is ses mense in die foto. (1)

3.5.2 Iemand het die boeke omgestamp. (1)

3.5.3 Die mense glimlag. (1)

3.6 Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

3.6.1 My ma neem ‘n foto. (1)

3.6.2 Ouma het al die boeke gelees. (1)

3.6.3 Pa sal nog boeke koop. (1)

3.7 Skryf die volgende sinne oor met die KORREKTE LEESTEKENS.

3.7.1 hoeveel boeke is op die rak (1)

3.7.2 daar is ‘n foto boeke en ‘n prent op die rak (1)

3.7.3 ma se ons neem vandag ‘n foto (1)


3.8 Gee elke keer die korrekte KOMMUNIKASIE as antwoord.

3.8.1 Wat sê jy as jy jou onderwyser in die oggend groet? (1)

3.8.2 Hoe vra jy om die klaskamer te verlaat? (1)

3.8.3 Hoe groet jy iemand wanneer jy weggaan? (1)
**(24)**

VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE
Skryf elke keer NET DIE WOORD as antwoord neer.



4.1 Gee die MEERVOUD van die woorde tussen hakies.

4.1.1 Al die (dier) ry saam met die boer. (1)

4.1.2 Die drie ander (skaap) het by die huis gebly. (1)

4.2 Gee die VERKLEINWOORD vir die woorde tussen hakies.

4.2.1 Die boer se klein (hond) het nie saamgekom nie. (1)

4.2.2 Die oulike (vark) is opgewonde oor die avontuur. (1)

4.3 Skryf die korrekte VOORNAAMWOORD neer.

4.3.1 Die boer ry met … trekker op die plaas. (1)

4.3.2 … is ‘n baie goeie boer. (1)

4.4 Kies die korrekte VOORSETSEL uit dié tussen hakies.

4.4.1 Die son sal (op / by / om) vyfuur sak. (1)

4.4.2 Die vark hou (van / met / aan) die boer. (1)

4.5 Vul die korrekte VRAAGWOORD in om die sin te voltooi. Die antwoord is gegee om jou te help.

4.5.1 … diere is in die wa? *Daar is <u>ses</u> diere in die wa.* (1)

4.5.2 … is die boer se naam? *Die boer se naam is <u>Hans</u>.* (1)

4.6 Voltooi die volgende VERGELYKINGS.

4.6.1 Die perd se hare is <u>so sag soos</u> … . (1)

4.6.2 Die skaap se wol is <u>so wit soos</u> … . (1)

4.6.3 Die kuiken sit <u>so stil soos ‘n</u> … . (1)

4.7 Gee die AFKORTINGS vir die onderstreepte woorde.

4.7.1 Die boer se titel is <u>meneer</u> Wilson. (1)

4.7.2 Die plaas is in <u>Suid-Afrika</u>. (1)

4.7.3 Die hond wil <u>asseblief</u> volgende keer saamry. (1)

4.8 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG vir die woorde tussen hakies.

4.8.1 Hans se (ouma) was ook ‘n boer. (1)

4.8.2 Die (bul) staan in die wa. (1)

4.9 Skryf die korrekte DIEREGELUIDE vir die volgende diere neer.

4.9.1 Die esel … agter in die wa. (1)

4.9.2 Die hen … op die skaap se kop. (1)

4.10 Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING vir die woorde tussen hakies.

4.10.1 Die boer ry (vinnig) as gister. (1)

4.10.2 Hans is die (jonk) boer in sy familie. (1)

4.10.3 Hans is ook die (gaaf) boer. (1)

4.11 Skryf die GETALLE in hakies uit in woorde.

4.11.1 Daar is (4) wolke in die lug. (1)

4.11.2 (7) blomme groei in die veld. (1)

4.11.3 Hans het (33) skape op die plaas. (1)
**(26)**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOT TOTAAL: 80**